# JvR Aanlyn veiling

HOËRSKOOL
JAN VAN RIEBEECK
Wees jouself!

## Welkom by
## Hoërskool Jan van Riebeeck
## se eerste aanlyn veiling 2021.

Alle items is op die platform, BIDPRO, beskikbaar
vanaf 08:00, 3 November 2021 tot 21:30,
4 November 2021.

## Veiling begin

08:00 op 3 November 2021

## Veiling eindig

21:30 op 4 November 2021 of sodra die laaste bod aanlyn toegeslaan is.

**Kontakbesonderhede en kontaknommers vir veiling-items en betalings**
Karien Zulch, 083 445 0980 / 021 423 6347
karien.zulch@janvanriebeeck.co.za
Nicky Hattingh, 021 423 6347
nicky.hattingh@janvanriebeeck.co.za

## Meer oor ons skool en die veiling:

Hoërskool Jan van Riebeeck het sy ontstaan in 1926 vanweë 'n behoefte om 'n Afrikaansmediumskool in die stad Kaapstad vir moedertaalonderrig te stig. Vandag is ons die enigste Afrikaansmedium-hoërskool in die moederstad.

In 2021, vyf-en-negentig jaar later, wil ons wéér die belangrikheid en ononderhandelbaarheid van onderrig in ons moedertaal beklemtoon.

In Maart 2021 is 'n nuwe skoolhoof, mnr. Pieter Rademeyer, aangestel. Mnr. Rademeyer is 'n Afrikaansonderwyser in murg en been en het die ambisie om Hoërskool Jan van Riebeeck as dié vooraanstaande gemengde Afrikaanse hoërskool in Suid-Afrika te posisioneer.

Om ons skool suksesvol en in 'n gesonder finansiële posisie te plaas, word verskeie pogings geloods om meer betalende leerders vir beide ons skool en koshuis te werf. Die doel is om ons finansieel op gelyke speelvlak te plaas met skole waarmee ons kompeteer. Asook om leerders met potensiaal wat dit finansieel nie kan bybring nie, te ondersteun.

Mnr. Rademeyer is aangestel om Hoërskool Jan van Riebeeck na nuwe hoogtes te voer. Een van die mikpunte is om die huidige skoolgebou in so 'n mate uit te bou om eindelik 700-plus leerders te kan akkomodeer. Die akademiese program en aanbieding word indringend hersien, hoewel ons reeds bekendstaan vir ons hoë akademiese standaarde en prestasies op nasionale vlak, veral in Wiskunde en Afrikaans. Hierdie jaar het reeds verskeie hoogtepunte vir die skool opgelewer.

Ons vertrou daarom dat die aanlyn veiling met érns oorweeg sal word. Ons opregte dank vir jou gunstige deelname!

**Belangrike inligting oor die veiling:**

- 'n Faktuur met die betalingsinstruksies sal uitgereik word in die week nadat die aanlyn veiling gesluit het. Hou asseblief jou e-posse vir kommunikasie in hierdie verband dop.

- Fakture is onmiddellik betaalbaar. Geen items sal oorhanding word alvorens ons die bewys van betaling ontvang het en die fondse in ons bankrekening reflekteer nie.

- Indien ons na vele pogings nie die wenner van 'n item in die hande kan kry nie en indien betaling nie ontvang word nie, sal die tweede persoon op die koperlys oorweeg word as suksesvolle koper en dienooreenkomstig gekontak word.

- Kunswerke, wyn, wetenskapwasbakke en laboratoriumglasware moet tussen 8 en 12 November 2021 by Hoërskool Jan van Riebeeck se skoolgronde afgehaal word.

- Alle ander reëlings in sake die lotte sal aan die suksesvolle koper per e-pos gekommunikeer word.

- Enige versoeke om items buite die Kaapstad-area af te lewer kan gereël word, mits die koper die onkostes hiervan dra.

- Alle verblyf en ondervindings is geldig vir 12 maande (behalwe indien anders aangedui by die lot-beskrywing) nadat die aanlyn veiling eindig en is onderhewig aan beskikbaarheid soos aangebied deur die borge. Alle ondervindings verval dus op 30 November 2022.

**Baie dankie vir almal se volgehoue ondersteuning.**
**Geniet die aanlyn veiling en ons hoop jy is suksesvol!**





# Lot 1

Twee wit laboratoriumwasbakke uit die wetenskaplaboratorium.
500mm x 350mm x 200mm hoog.
Uitstekende kondisie.








# Lot 2

Saronsberg-witwyn:

- Ses bottels Saronsberg Viognier 2019
- Ses bottels Saronsberg Sauvignon Blanc 2021



# Lot 3

Kunswerk deur PC Janse van Rensburg
Olieverf op doek
Grootte: 350mm x 400mm



# Lot 4

Wynproe aangebied deur Kaapse Wynmeester, René Groenewald, vir 10 persone by 'n lokaal van jou keuse. Wyn ingesluit.

Vooraf-konsultasie met René sal gesamentlik bepaal wat die wynproe behels.







# Lot 5

Vyf nagte vir ses persone in 'n selfsorg-strandhuis, St Francisbaai, Oos-Kaap.

- Die strandhuis het drie slaapkamers en is geleë oorkant die bekende St Francis "Village" in St Francisweg.
- Daar is drie badkamers, maar geen slaapkamer is ensuite nie.
- Die strand is 400 meter vanaf die huis geleë.
- Die huis is onderhewig aan beskikbaarheid
- Verval 30 November 2022.





# Lot 6

Tien glaspotjies uit die wetenskaplaboratorium.
100mm wyd x 160mm hoog.
Goeie kondisie.






# Lot 7

Die Food Jam sluit 'n viergangmaaltyd vir agt gaste, verwelkomingsdrankies en drie ure van kuiervreugde saam met Jade de Waal in.

Lokaal: InAweStays, 34 Kampstraat, Tuine.

Geldig tot 30 November 2022.




# Lot 8

Alto Shiraz 2013 Magnum

TABLE MOUNTAIN TREKS & TOURS



# Lot 9

'n Dag-staptoer vir 10 persone in die woude bo-op Tafelberg saam met Mark Hawthorne. Hy is 'n gekwalifiseerde en geregistreerde toergids met 32 jaar se ondervinding as 'n natuurbewaarder.

Mark was 'n werknemer van die Tafelberg Natuurreservaat vir 30 jaar, waar tydens hy en sy gesin bo-op Tafelberg gewoon het.




# Lot 10

Kunswerk deur Barbara Wildenboer
Titel: *Perennial (2021)*
Medium: Hand-gesnyde papierbeeld
Mate: 500mm diameter



# Lot 11

Kirstin Goss *Onion*-oorringe
18 karaat geelgoud-*vermeil*




# Lot 12

Breakaway Rides bied drie vaardigheidslesse in bergfietsry aan 'n individu.

Die persoon sal saam met twee tot drie ander fietsryers privaatlesse ontvang.






# Lot 13

Twee nagte in die dakwoonstel (Penthouse) van die Radisson Blu Hotel & Residence, in Riebeekstraat, Kaapstad.

Ontbyt ingesluit.
Geldig tot 30 April 2022.







# Lot 14

Saronsberg-rooiwyn:
- Ses bottels Saronsberg Provenance 2019 &
- Ses bottels Seismic 2018





# Lot 15

Twee wit laboratoriumwasbakke uit die wetenskaplaboratorium.
500mm x 350mm x 200mm hoog.
Uitstekende kondisie.




# Lot 16

12 x 500ml bottels “Two in a bush”

Rooibos-ysteestroop, ontwikkel deur die bekende Hetta van Deventer-Terblanche van Kokkedoor-faam en Marie-Louise Oosthuizen, restaurantbestuurder van Leopard’s Leap in Franschhoek.

500ml Rooibosstroop maak drie liter vloeistof nadat dit gemeng is. Heerlik in mengeldrankies. Geen suiker of kunsmatige middels bygevoeg nie.





DROSTDY HOTEL
ANNO 1805
GRAAFF-REINET

# Lot 17

Twee nagte in die legendariese Drostdy Hotel in Graaff-Reinet vir twee gaste.

Ontbyt ingesluit.




# Lot 18

SASA (South African Sommeliers Association)
2020 paneel-seleksie 1


| | |
|---|---|
| 2x Chardonnay | Louis Latour Chablis 2013<br>Thelema Chardonnay 2019 |
| 4x Rooiwyn | Petrus Mouton 2007<br>Cederberg Merlot Shiraz 2018<br>Neil Ellis 2018, Bushvine Shiraz<br>Delheim 2019, Cab Merlot |



# Lot 19

Kunswerk deur Kilmany Jo Liversage
Titel: *FLORAE921()*
Medium: 200 gram artico Fabriano-papier
Mate: 520mm x 750mm
Ongeraam





ANNO 1698
DIEMERSDAL
ESTATE

# Lot 20

Sesgang-ete vir 16 persone deur Sarie se kosredakteur en tv-persoonlikheid, Herman Lensing by sy studio in Welgemoed.

Geldig vanaf Januarie 2022 tot Desember 2022.
Wyn deur Diemersdal ingesluit.





# Lot 21

Twee nagte vir ses persone in Yzerfontein.
Tweeslaapkamer huis met 'n dakslaapkamer.
Beskikbaar tot 30 November 2022.



Welgemeend

Function and Conference Vennue

Cape Town





# Lot 22

Vyf uur eksklusiewe gebruik van die gesogte Welgemeend-herehuis.

Alle dienste ingesluit; spyseniering uitgesluit. Die herehuis kan tot 60 gaste akkomodeer.




# Lot 23

Jakob's Vinyards 2015 Cabernet Sauvignon, ses bottels.

Top 100 SA wyn en dubbelplatinum-toekenning by NWC/Top 100 SA-wynkompetisie




# Lot 24

Jakob’s Vinyards 2012 Cabernet Franc,
ses bottels.

Deel van die Top 6 Cabernet Franc-wyne by die
Cabernet Franc-uitdaging



# Lot 25

Heerlike rietdakhuis in Franschhoek beskikbaar vir twee nagte.

Die huis kan agt gaste akkomodeer en is beskikbaar vir 'n naweek se gebruik tot en met 30 November 2022.



# Lot 26

Deur Pierre Liversage, Black Room-juwelierstudio.

- 9 karaat roosgoud-ring 2g
- Geset met drie 0.07 karaat tanzaniet in 'n kloutjie-*setting*
- 12 x 0.18 karaat tsavoriet (groen granaatsteen) geset in 'n *pave*-insetting met 'n antieke rantafwerking















# Lot 27

Adelaide Combrink is 'n erfenispraktisyn wat die laaste ses jaar deel is van Stad Kaapstad se Omgewing- en Erfenisbestuur-departement.


Kom stap saam vir vier uur deur Kaapstad en bewonder ons ryk erfenis van geboue en terreine. Tien persone kan die staptoer meemaak.

Verversings verskaf deur Bootlegger, Harringtonstraat.



# Lot 28

Kunswerk deur Hermien van der Merwe
Titel: *Human Nature IX*
Medium: Monodrukwerk en collage op kunspapier
Mates: 700mm x 600mm







# Lot 29

Drie nagte se verblyf in Prins Albert vir vier persone te By die Dam.

Verblyf moet voor 30 Mei 2022 bespreek en gebruik word.






# Lot 30

Wynproe aangebied deur Herhold Versfeld, voorheen wynmaker by Val de Vie-landgoed en tans wynmaker en besigheidseienaar van Dromer-wyne saam met Howard Bilton van Sovereign Group.

- Die wynproe word aangebied vir agt persone by 'n korporatiewe funksie.
- Dromer-wyne ingesluit.




# Lot 31

Dr. André de Villiers bied 'n R20 000 geskenkbewys aan wat gebruik kan word vir afslag vir 'n stel tanddraadjies.








# Lot 32

Tswalu is ’n privaat-wildreservaat geleë in die suide van die Kalahari. Die Michelin-ster-sjef Jan Hendrik van der Westhuizen se nuwe restaurant, Klein Jan, is in 2021 hier geopen en het reeds toekennings ingepalm.

Die lot sluit die volgende in:

- Twee nagte se verblyf vir twee persone by Tswalu privaat-wildreservaat.
- Een aandete by die beroemde restaurant, Klein Jan.
- Alle etes en drankies is ingesluit.
- Alle aktiwiteite wat Tswalu bied is ingesluit, onder andere privaat wildritte, dagstap-ekskursies en spoorsny-avonture.

Besoek gerus www.tswalu.co.za om te sien wat alles ingesluit word.
Reserweprys: R70 000






# Lot 33

Kookboek geteken deur Liam Tomlin en ete vir twee by Chef's Warehouse, Pincho's, in Breëstraat, Kaapstad.







# Lot 34

Luukse busrit vir tot en met 60 persone met Elwierda.
Enige 180km-retoerrit vanaf Kaapstad na die wynlande en terug.

Reserweprys: R3 500




# Lot 35

SASA (South African Sommeliers Association)
2020 paneel-seleksie 2

| | |
|---|---|
| 2x Chardonnay | Louis Latour Chablis 2013<br>Thelema Chardonnay 2019 |
| 4x Rooiwyn | Petrus Mouton 2007<br>Cederberg 2018 (Merlot Shiraz)<br>Neil Ellis 2018 (Bushvine Shiraz)<br>Delheim 2019 (Cab Merlot) |








# Lot 36

Latitude Aparthotel luukse hotel-woonstelle in Seepunt.

Akkomodasie in ’n twee-slaapkamer-selfsorgwoonstel vir twee nagte.

Die woonstel kan vier gaste akkomodeer.
Beskikbaar vanaf Maart 2022 tot 15 Desember 2022.






# Lot 37

Sonsondergangvaart vir 12 gaste op 'n dubbelromp-seiljag vanuit die Kaapse hawe. Roete kan binne die Tafelbaai-area aangepas word volgens die koper se vereistes en inaggenome die weersomstandighede.

Onderworpe aan beskikbaarheid en geldig tot 30 November 2022.

Ses bottels 'Heildronk'-vonkelwyn ingesluit.
Hierdie vonkelwyn pas uitstekend by feesvieringe, sonsondergange en ontbyt.





# Lot 38

Ses groot glasbottels uit die wetenskaplaboratorium.
200mm wyd x 350mm hoog.
Goeie kondisie.






# Lot 39

'n Spesiale aand en konsert saam met Luna Paige – waar sy 'n repertoire van haar gunsteling oorspronklike liedjies vir jou en jou spesiale gaste uitvoer. Die lot sluit ook 'n USB-stokkie met al Luna Paige se musiek in (Luna, Missing Pieces, Wonderful Life, Borders & Beyond, Storielied, Korreltjie Kantel, twee Afrikaanse enkelsnitte, 'n spesiale lied opgeneem vir 'n Nederlandse CD, en haar nuutste EP, Behold My Heart).

Dié konsert is geskik vir 'n groep van 50 mense en sluit klankversterking in. Enige lokaal meer as 100 km vanaf Stellenbosch sal vervoer- en akkomodasiekostes moet dek.

Ses bottels Plan B (Shiraz-versnit) is ingesluit. Hierdie wyn pas goed by mense wat altyd ’n plan beraam en outentiek leef.
Reserweprys: R4 000



# Lot 40

Kunswerk deur Hennie Niemann Senior
Olieverf op bord
290mm x 390mm
Geraam: 450mm x 560mm



# Lot 41

Twee nagte se verblyf vir ses persone by Pinnacle Point-gholflandgoed, naby Mosselbaai. Twee-slaapkamer selfsorg-eenheid met 'n slaapbank in die leefvertrek.

Gholf uitgesluit.

Beskikbaar tot 30 November 2022.



iEQ9
INTEGRATIVE ENNEAGRAM
ACCREDITED PRACTITIONER

# Lot 42

2x Enneagram profiel ontledings & uur-konsultasie met Pieter Geldenhuys.

Die profielontledings kan saam met 'n vennoot, eggenoot of volwasse-kind gedoen word.
Dit versterk kommunikasiebande deur middel van onderliggende stresteiken-ontleding.




# Lot 43

Twaalf bottels organiese wyn van Spier wat slegs vir die uitvoermark vervaardig word.

- 2 x The Yellowwood White 2019
  54% Chenin Blanc & 46% Viognier
- 2 x The Yellowwood Rosé 2019
- 2 x The Yellowwood Red 2017
  82% Merlot and 18% Cabernet Sauvignon
- 2 x Farm House Chenin Blanc 2018
- 2 x Farm House Rosé 2017 Shiraz rosé
- 2 x First Stone Red 2015
  60% Merlot and 40% Cabernet Sauvignon






# Lot 44


Babylonstoren bied 'n tafel vir agt gaste by Babelrestaurant vir middag-of aandete aan.

Hierdie lot sluit ses bottels Saronsberg, Chardonnay 2020 in.



# Lot 45

Kunswerk deur Varenka Paschke
Titel: Bloudruk 7 “Dropped”
Medium: Blou ink op Fabriano aquarelle-papier
Mate: 700 mm x 1000 mm
Ongeraam






# Lot 46

16 glastregters uit die wetenskaplaboratorium.
Mates: 180mm wyd x 300mm hoog.
Uitstekende kondisie.



# Lot 47


Twee nagte vir vier persone by Brandberg White Lady Lodge in Namibië.
Hierdie reservaat is twee uur noord van Hentiesbaai.
Geldig tot 30 November 2022.




# Lot 48

Clinton Stoltz, professionele fotograaf met meer as 15 jaar ondervinding, skenk 'n twee-uur fotosessie vir 'n familie óf 'n matriekafskeidpaartjie op die aand van hul matriekafskeid in 2022.

Geldig tot 30 November 2022.



# Lot 49

Ses glashouers van verskillende grootes uit die wetenskaplaboratorium.
Goeie kondisie.







# Lot 50

Een week in Malta, Siggiewe, vir ses gaste.
Die huis bestaan uit drie slaapkamers, elk ensuite.
Die huis is gebou rondom 'n gemeenskaplike binnehof en word as 'n selfsorg-eenheid bestuur.

Geldig tot 30 November 2022